**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saaknommer: 876/2002

In die saak tussen:

**PETRUS MARTHINUS OOSTHUIZEN** Applikant

en

**DIE LANDDROS, SENEKAL** Eerste Respondent
**WYNAND DU PLESSIS** Tweede Respondent
**THABANG ZACHARIA RADEBE** Derde Respondent
**HOME CHOICE** Vierde Respondent
**OLIVIER & ASSOCIATES** Vyfde Respondent
**SENEKAL USIZO** Sesde Respondent

**CORAM:** **VAN COLLER *et* CILLIé, RR**

**AANGEHOOR OP:** **19 AUGUSTUS 2002**

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN COLLER, R**

**GELEWER OP:** **29 AUGUSTUS 2002**

Op 27 September 2001 het die derde respondent in die Landdroshof te Senekal aansoek gedoen om ‘n administrasiebevel. Die aansoek was gebring ingevolge die bepalings van artikel 74 van die Wet op Landdroshowe (die Wet). Met die aanvang van die verrigtinge het die derde respondent se prokureur, mnr. Coetzer, en mnr. Crowther, ‘n prokureur wat verskeie skuldeisers verteenwoordig het, wat genoem kan word ‘n punt *in limine,* voor die landdros geargumenteer. Dit was van die landdros verlang om reeds op daardie stadium te beslis of ‘n skuldeiser ‘n ander administrateur mag voorstel as wat die applikant (skuldenaar) voorgestel het. Na die argumente aangehoor is, is die aansoek uitgestel en op 25 Oktober 2001 het die landdros sy uitspraak gegee. Hy sê in die uitspraak dat soos hy sodanige aansoeke in die verlede ondervind het, maak die applikant ‘n voorstel betreffende ‘n administrateur en die hof volg die voorstel. Hy sê ook dat hy glo dat

> “die hof net uit eie beweging ‘n administrateur sal benoem indien die applikant geen voorstel maak nie.”

Die landdros sê verder dat die applikant ‘n administrateur benoem het en dat die applikant se keuse wie met sy boedel moet handel eerbiedig en gerespekteer behoort te word. Hy wys daarop dat indien die administrateur nie sy pligte na wense verrig nie, daar gegewe prosedures is wat gevolg kan word en die gevolg dus is dat ‘n skuldeiser nie by magte is om ‘n administrateur te benoem nie. Daarna is die aansoek op 29 November 2001 voortgesit. Die aansoekdoener het getuienis afgelê en hy is oor sekere aspekte ondervra. Die aansoek is toegestaan en ‘n prokureur, mnr. W. du Plessis, wat deur die derde respondent voorgestel is, is as administrateur aangestel.

Die applikant in die onderhawige hersieningsaansoek is een van die skuldenaar se krediteure en die aansoek is daarop gerig om dié gedeelte van die bevel van die landdros wat betrekking het op die aanstelling van die administrateur tersyde te stel. Die landdros is die eerste respondent, die aangestelde administrateur die tweede respondent en die skuldenaar die derde respondent. Die vierde en sesde respondente is ook skuldeisers. Dit is nie duidelik waarom die vyfde respondent gevoeg is nie. Slegs die tweede respondent opponeer die aansoek. Dit dien vermeld te word dat die applikant een van 'n aantal skuldeisers is wat deur die prokureur, mnr. Crowther, by die aansoek om 'n administrasiebevel verteenwoordig was.

Die grondslag van hierdie hersieningsaansoek is dat die beslissing van die landdros 'n ernstige onreëlmatigheid is wat hierdie Hof geregtig maak om die landdros se bevinding te hersien, tersyde te stel of te vervang. Dit is die applikant se saak dat die landdros se bevinding aangaande die aanstelling van die administrateur grof onreëlmatig is en dat dit 'n onbehoorlike uitoefening van 'n diskresie daarstel. In die stawende beëdigde verklaring meld die applikant dat die rigiede en onbuigbare standpunt dat slegs die skuldenaar se voorstel oorweeg kan word aanduidend is daarvan dat die diskresie nie behoorlik uitgeoefen is nie. Uit die stawende beëdigde verklaring blyk ook die volgende: die sesde respondent in die onderhawige aansoek is 'n sogenaamde "cash loan" besigheid te Senekal; die skuldenaar het hierdie instansie gevra om die administrasie-aansoek te doen en 'n fooi is daarvoor beding; die sesde respondent het Coetzer opdrag gegee om die aanstelling van die tweede respondent as administrateur te verkry. Die applikant beweer dat die administrateur 'n gesiglose persoon is wat 'n totale vreemdeling in Senekal is en dat die skuldeisers verdien om 'n persoon in Senekal self aan te stel wat verkieslik 'n plaaslike prokureur moet hê om na die skuldeisers wat hoofsaaklik in Senekal woonagtig is, om te sien.

Dit blyk uit die getuienis wat die derde respondent tydens die aansoek afgelê het dat die bedrag wat hy aan die sesde respondent skuld die fooi is wat geverg is om die administrasie-aansoek te bring. Hy het getuig dat hy R2 412,00 aan die sesde respondent moet betaal om aansoek te doen en dat hy alreeds R400,00 in kontant betaal het. Daar word verder deur die applikant beweer, met verwysing ook na advertensies, dat mikro-gelduitleners, soos die sesde respondent, mense uitnooi om onder administrasie te gaan en effektiewelik word hulle dan 'n skuldeiser vir die behartiging van die

administrasie.  Ek ag dit nie nodig om verder met die applikant se bewerings waarom hierdie optrede as ‘n hoogs onbevredigende toedrag van sake bestempel kan word nie, te handel.

Die tweede respondent sê in sy opponerende verklaring dat hy ‘n prokureur is wat praktiseer te Roodepoort.  Hy het ‘n geweldige groot invorderingspraktyk en hy behartig meer as 1200 boedels as administrateur. Hy beweer dat hy ‘n geruime tyd reeds konstant adverteer in die “Junk Mail”, ‘n advertensie koerant, asook in die Landbouweekblad wat weekliks landwyd verskyn.  Aangaande die onderhawige administrasiebevel verduidelik hy dat hy deur die sesde respondent gevra is of hy bereid sou wees om die aanstelling as  administrateur van persone wat kragtens die bepalings van die Wet onder administrasie geplaas sou word, te aanvaar, wat hy bereid was om te doen.  Hy  beweer dat mense met finansiële probleme nader klaarblyklik die sesde respondent en, indien dit ‘n gepaste geval is om aansoek te doen vir ‘n administrasiebevel hanteer die sesde respondent en ‘n plaaslike prokureur op Senekal, mnr. Coetzer, die aangeleentheid namens die applikant en word hy slegs as administrateur van die betrokke persoon se boedel aangestel. Voordat ‘n administrasiebevel deur die landdros op Senekal uitgereik word, het hy geen aandeel in die voorbereiding of opstel van die stukke nie.  Hy raak die eerste keer betrokke wanneer die administrasiebevel en sy aanstelling deur Coetzer aan hom versend word en hy handel daarna ooreenkomstig die bepalings van artikel 74 van die Wet teen die voorgeskrewe vergoeding. Die tweede respondent beweer voorts dat die praktyk ten aansien van administrasiebevele is dat die applikant die voorgenome administrateur nomineer en dat sodanige persoon na sy ervaring sonder uitsondering deur die hof aangestel word veral as dit ‘n praktisyn is soos deur die Wet omskryf. Die Wet maak ook voorsiening vir die ontslag

van ‘n administrateur indien hy hom nie by die voorskrifte van die Wet hou nie. Tweede respondent beweer ten slotte dat die applikant nie sy saak binne die kader van enige van die hersieningsgronde bring nie en nie ‘n behoorlike saak uitgemaak het vir die regshulp wat gevra word nie.

Die bepalings vir die maak van administrasiebevele en die aanstelling van administrateurs wat al vir baie jare deel van die Wet is, is huidiglik vervat in artikel 74. Aangaande administrasiebevele sê Cameron, AR in die ongerapporteerde saak van **MELVIN WEINER NO v JIM GERARD PAUL BROEKHUIZEN,** No.173/2001 van 31 Mei 2002 die volgende:

> “[3] Administration orders were first introduced when the Act came into force in 1944. Its predecessor, the Magistrates’ Court Act 32 of 1917, had no such mechanism. The new provisions created a procedure that was at the time rightly dubbed a ‘modified form of insolvency’, since it is particularly suited to dealing with small estates where sequestration proceedings would swallow the debtor’s assets. As Caney AJ explained more than fifty years ago:
>
>> “This is designed, it seems to me, as a means of obtaining a *concursus creditorum* easily, quickly and inexpensively, and is particularly appropriate for dealing with the affairs of debtor’s who have little assets and income and genuinely wish to cope with financial misfortune which has overtaken them. Creditors have certain advantages under such an order, including the appointment of an independent administrator and the opportunity of examining the debtor. They are not debarred from sequestrating the debtor if the occasion to do so

arises."

[4] The provisions which have frequently been amended, are now spelt out in prolific detail in s 74 and its associated provisions, s 74A to 74W."

Die voordele wat die skuldeisers het blyk duidelik uit onderafdelings van artikel 74 soos byvoorbeeld onder andere artikel 74B en artikel 74J.

Artikel 74(1) van die Wet magtig die Landdroshof om administrasiebevele te maak en artikel 74E(1) bepaal dat wanneer 'n administrasiebevel gemaak is die hof 'n administrateur moet aanstel. Die artikel bevat geen voorskrifte aangaande wie en wie nie aangestel mag word nie. Dit is na my mening heel duidelik dat die landdros 'n diskresie het by die aanstelling van 'n administrateur. Indien daar gekyk word na die voordele wat die proses vir skuldeisers inhou, onder andere ook die aanstelling van 'n onafhanklike administrateur, kan daar geen twyfel wees nie dat dit nie slegs iemand deur die skuldenaar genomineer, is wat aangestel kan word nie. Die landdros het dus na my mening by die vertolking van artikel 74 fouteer deur te bevind dat sy diskresie tot die mate aan bande gelê is dat hy slegs iemand wat deur die skuldenaar genomineer word, kan aanstel. Dit is deur mnr. De Koning, namens die tweede respondent, met verwysing na sekere beslissings aangevoer dat die feit dat die landdros 'n regsdwaling begaan het slegs 'n grond vir hersiening is indien dit tot gevolg gehad het dat hier nie 'n billike verhoor was nie wat nie in die onderhawige saak gesê kan word nie. Sy betoog is dat die landdros volledige argumente aangaande die vertolking van die artikel aangehoor het en daarna tot 'n bevinding geraak het. Hier kan,

aldus die argument, geen sprake van enige onreëlmatigheid wees of dat daar nie 'n billike verhoor was nie. Ek kan nie met die betoog saamstem nie. Die Hooggeregshof het 'n hersieningsbevoegdheid uit hoofde van die bepalings van artikel 24(1) van die Hooggeregshofwet No.59 van 1959. Ingevolge artikel 24(1)(c) is een van die gronde "growwe onreëlmatigheid in verband met die verrigtings." Die hersieningsbevoegdheid bestaan egter ook uit hoofde van die gemenereg. Na my mening kan die regsdwaling deur die landdros begaan as 'n hersieningsgrond dien beide ingevolge artikel 24(1)(c) van Wet 59 van 1959 en ingevolge die gemenereg. Met verwysing na 'n growwe onreëlmatigheid in die verrigtinge soos beoog in artikel 24(1)(c) van Wet 59 van 1959 sê Botha, AR die volgende in **PAPER, PRINTING WOOD & ALLIED WORKERS' UNION v PIENAAR NO 1993 (4) SA 621 (A) op 638H-I** die volgende:

> "That expression is not confined to defects in the procedure as such. It covers the case where the decision-maker through an error of law misconceives the nature of his functions and thus fails to apply his mind to the true issues in the manner required by the Statute, with the result that the aggrieved party is in that respect denied a fair hearing (see, for example, ***Goldfields Investment Ltd and Another v City Council of Johannesburg and Another*** 1938 TPD 551; ***Visser v Estate Collins*** 1952 (2) SA 546 (C))."

In die onderhawige saak het die landdros as gevolg van 'n regsdwaling tot die gevolgtrekking gekom dat hy slegs die persoon wat deur die skuldenaar voorgestel word as administrateur mag benoem. Hy het dus die omvang van sy bevoegdhede deur 'n wanbegrip beperk en nie sy aandag wat die aanstelling van 'n administrateur betref, gegee op dié wyse deur die Wet

vereis nie. Die skuldeisers wat na my mening wel benadeelde of veronregte partye is, is dus wat die aanstelling van ‘n administrateur betref nie ‘n billike verhoor gegun nie.

Die optrede van die landdros sou na my mening egter ook ooreenkomstig die gemenereg hersienbaar gewees het. Sien in hierdie verband die opsomming deur Corbett, HR aangaande gemeenregtelike hersienings in ons reg in **<u>HIRA AND ANOTHER v BOOYSEN AND ANOTHER</u> 1992 (4) SA 69 (A) op 93A-I**. Dit kan gesê word dat die landdros ‘n statutêre plig verkeerdelik uitgeoefen het en die skuldeisers, as benadeelde of veronregte persone, was geregtig om die Hof te nader by wyse van ‘n gemeenregtelike hersiening. Word die Landdroshof se optrede oor die kam geskeer van ‘n verkeerde vertolking van die statutêre bepaling kom dit daarop neer dat die hof “failed to apply its mind to the relevant issues in accordance with the behests of the Statute” en dat sy aanstelling dus tersyde gestel moet word.

Die aansoek moet gevolglik slaag en die landdros se aanstelling van die tweede respondent as administrateur tersyde gestel word. Aanvanklik het die applikant slegs ‘n kostebevel teen die derde respondent gevra. In sy opponering van die aansoek het die tweede respondent gevra dat die aansoek met koste van die hand gewys word. In die repliserende verklaring vra die applikant dat die tweede respondent gelas moet word om die koste te betaal, alternatiewelik dat die tweede en die derde respondente gesamentlik en afsonderlik gelas moet word om die koste te betaal. Mnr. De Koning het aangevoer dat daar aanvanklik nie koste teen die tweede respondent gevra is nie, dat die tweede respondent in die opponerende verklaring slegs sy posisie in die korrekte perspektief probeer stel het en dat hy nie tot die betaling van enige koste veroordeel behoort te word nie. Dit sou meer korrek gewees het indien die applikant aanvanklik in die aansoek gemeld het dat daar, afgesien van die derde respondent, slegs koste teen enigeen van die ander respondente gevra sou word indien enige van hulle die aansoek opponeer. Die probleem is egter dat die tweede respondent nie slegs sy posisie wou verduidelik nie, maar hy het verder gegaan en gevra dat die aansoek afgewys

word met koste. Hy het die aansoek onsuksesvol geopponeer. In die lig van al die omstandighede en in die lig daarvan dat die opposisie onsuksesvol is behoort hy die koste veroorsaak deur die opposisie van die aansoek te betaal. Dit was egter die derde respondent se optrede wat die aansoek genoodsaak het. Hy moet dus die koste van die aansoek op 'n ongeopponeerde basis betaal.

Die volgende bevele word gemaak:

1. Die aanstelling van die tweede respondent, Wynand du Plessis, as administrateur in die boedel van T.Z. Radebe word tersyde gestel.

2. Die derde respondent word gelas om die koste van die hersieningsaansoek op 'n onbestrede basis te betaal.

3. Die tweede respondent word gelas om die koste van die opposisie tot die aansoek te betaal.

**A.P. VAN COLLER, R**

**EK STEM SAAM**

**C.B. CILLIé, R**

**Namens Applikant:** Adv. J.Y. Claasen
i.o.v.
Naudes

**Namens Tweede Respondent:** Adv. L.W. de Koning
i.o.v.
E.G. Cooper & Seuns Ing.

/scd